kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 188

O God, so ryk en goed,
gee ons solank ons lewe
altyd 'n blye hart;
as dit u wil is: vrede.
Laat u genade ons
beveilig teen gevaar,
in donker ure ons
van struikeling bewaar.

Lof, eer sing ons voor God,
die bron van alle lewe –
die Vader, Seun en Gees,
almagtig en verhewe.
Drie-enig God, ons roem
u krag en majesteit.
O Heer, ons wil U noem:
ons God in ewigheid!

Woorddiens

Tema: Die onbekende

Skriflesing: Matteus 2:13-23

Broodjies vir die pad

"The wish to travel seems to me characteristically human: the desire to move, to satisfy your curiosity or ease your fears, to change the circumstances of your life, to be a stranger, to make a friend, to experience an exotic landscape, to risk the unknown.."
— Paul Theroux, The Tao of Travel: Enlightenments from Lives on the Road

Deesdae is alles en almal mos 'n fotogeleentheid

Dana Snyman

Ons kan nie meer wegkom van mekaar se foto's af nie. Jy het jou foto's nou by jou. Op jou slimfoon. Op jou iPad. Op jou skootrekenaar. Byna die hele tyd.

Loop jy iewers iemand raak wat jy ken, is dit nie lank nie, dan haal jy jou foon uit, gaan na jou foto's toe, en wys: Kyk net die galjoen wat ek laas week uitgetrek het, my maat. Kyk my nuwe braaiplek. Kyk my jongste kleinkind. Ai, jitte, is sy nie te skatlik nie?

En jy spaar die ander nie altyd nie: Kyk die pitsweer wat ek op my bobeen gehad het. Erg, nè? Kyk hoe lyk ouma Bettie se gebreekte toon, septies, ná drie dae in 'n staatshospitaal. Wat 'n skande! Kyk hoe lyk die inbreker wat my buurman op die sypaadjie doodgeskiet het.

Soms verlang jy na die dae toe elkeen sy persoonlike foto's in 'n album gehou het. Dikwels in meer as een album. Op 'n rak in die sitkamer by die ensiklopedieë. En jy kon vinnig 'n verskoning uitdink en maak dat jy wegkom sodra iemand gesê het: "Het jy al ons wildtuin-foto's gesien?"

Nou kan neef At jou maklik op 'n Saterdagoggend in 'n winkelsentrum voorkeer en vir jou daardie leeumannetjie wys wat hy twee dae voor Kersfees naby Satara afgeneem het. Kyk net daardie maanhare! Terwyl jy brand om vir hom jou foto's te wys van die dooie walvis wat op Yzerfontein se strand uitgespoel het.

Die foto's in daardie ou albums was almal nogal sindelik, selfs formeel, as jy nou daarna kyk. Soms is die drankbottels en glase eers weggevat voordat die foto geneem is. Jy sou nie sommer die pitsweer op jou bobeen met jou Kodak Instamatic afgeneem het nie. Jy sien ook nie nabyfoto's van borde kos in daardie albums nie.

Nou neem jy knaend foto's van jou geregte en plaas dit op Facebook of Instagram. Jy kan jouself nie help nie. Jy wil jou lewe met almal deel.

Byna elke geleentheid het 'n fotogeleentheid geword. Dit is nie meer genoeg om net 'n foto van Tafelberg te hê nie. Jy wil 'n foto van Tafelberg met jouself op die voorgrond hê. Jy wil 'n foto van jouself op Nuweland hê. Jy wil 'n foto van jouself saam met Chris Chameleon hê. Jy wil 'n foto van jouself by Bles Bridges se graf hê.

Jy doen al hoe minder moeite om dinge te onthou. Jy neem eerder 'n foto van 'n foonnommer op 'n advertensiebord as om die nommer te probeer memoriseer.

Jy sit by jou pa se sterfbed, en dink: Hierdie moet ek alles onthou. Dan neem jy vinnig 'n foto met jou selfoon: die blou are op Pa se hande, die Bybel op die bedkassie. Sonder om werklik te ervaar wat jy sien.

Elke dag sien jy foto's van ander se swaarkry en pyn. Kyk hoe lyk hierdie boer nadat hy op sy plaas aangeval en met 'n graaf geslaan is. Kyk hoe lyk dit ná daardie brand op Wupperthal.

Dan gaan jy weer aan met jou lewe. Uitgelewer aan nog iemand se foto's, en op soek na nog 'n fotogeleentheid vir jouself, asof jy vergeet het wie jy is en jouself weer deur jou foto's probeer vind.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/deesdae-is-alles-en-almal-mos-n-fotogeleentheid-20190104

"It takes a lot of courage to fight biases and oppressive regimes, but it takes even greater courage to admit ignorance and venture into the unknown. Secular education teaches us that if we don't know something, we shouldn't be afraid of acknowledging our ignorance and looking for new evidence. Even if we think we know something, we shouldn't be afraid of doubting our opinions and checking ourselves again. Many people are afraid of the unknown, and want clear-cut answers for every question. Fear of the unknown can paralyse us more than any tyrant. People throughout history worried that unless we put all our faith in some set of absolute answers, human society will crumble. In fact, modern history has demonstrated that a society of courageous people willing to admit ignorance and raise

difficult questions is usually not just more prosperous but also more peaceful than societies in which everyone must unquestioningly accept a single answer. People afraid of losing their truth tend to be more violent than people who are used to looking at the world from several different viewpoints. Questions you cannot answer are usually far better for you than answers you cannot question."
— Yuval Noah Harari, 21 Lessons for the 21st Century

21 Lessons for the 21st Century
by Yuval Noah Harari

In *Sapiens*, he explored our past. In *Homo Deus*, he looked to our future. Now, one of the most innovative thinkers on the planet turns to the present to make sense of today's most pressing issues.

How do computers and robots change the meaning of being human? How do we deal with the epidemic of fake news? Are nations and religions still relevant? What should we teach our children?

Yuval Noah Harari's *21 Lessons for the 21st Century* is a probing and visionary investigation into today's most urgent issues as we move into the uncharted territory of the future. As technology advances faster than our understanding of it, hacking becomes a tactic of war, and the world feels more polarized than ever, Harari addresses the challenge of navigating life in the face of constant and disorienting change and raises the important questions we need to ask ourselves in order to survive.

In twenty-one accessible chapters that are both provocative and profound, Harari builds on the ideas explored in his previous books, untangling political, technological, social, and existential issues and offering advice on how to prepare for a very different future from the world we now live in: How can we retain freedom of choice when Big Data is watching us? What will the future workforce look like, and how should we ready ourselves for it? How should we deal with the threat of terrorism? Why is liberal democracy in crisis?

Harari's unique ability to make sense of where we have come from and where we are going has captured the imaginations of millions of readers. Here he invites us to consider values, meaning, and personal engagement in a world full of noise and uncertainty. When we are deluged with irrelevant information, clarity is power. Presenting complex contemporary challenges clearly and accessibly, *21 Lessons for the 21st Century* is essential reading.

Professor Harari was born in Haifa, Israel, to Lebanese parents in 1976. He received his Ph.D. from the University of Oxford in 2002, and is now a lecturer at the Department of History, the Hebrew University of Jerusalem.

He specialized in World History, medieval history and military history. His current research focuses on macro-historical questions: What is the relation between history and biology? What is the essential difference between Homo sapiens and other animals? Is there justice in history? Does history have a direction? Did people become happier as history unfolded?

Prof. Harari also teaches a MOOC (Massive Open Online Course) titled A Brief History of Humankind.

Prof. Harari twice won the Polonsky Prize for Creativity and Originality, in 2009 and 2012. In 2011 he won the Society for Military History's Moncado Award for outstanding articles in military history.

https://www.goodreads.com

Brood vir die pad

Dalk vind mense vreugde in ander se hiér-wees

In reaksie op die vraag oor hoe hy vreugde sou beskryf, merk die Amerikaanse teoloog Stanley Hauerwas op: "Joy is . . . I am glad that you exist. That you exist means life is good."

En verder: "Joy names the sheer presence of God. I can't imagine a better thing that can happen to us than to be able to enjoy God."

Vir Hauerwas behels vreugde in 'n Christelike sin dus 'n blydskap oor die blote teenwoordigheid van God en ander.

In heelparty kerklike tradisies word die Fees van Epifanie 12 dae ná Kersfees (op 6 Januarie) gevier. Die woord beteken "verskyning", en die fokus val op hoe God in die persoon van Christus in die wêreld verskyn.

Tydens Epifanie word gewoonlik die teksgedeelte in herinnering geroep wat handel oor die sterrekykers uit die Ooste wat Jesus herken vir wie hy is en aan hom hulde bring (Matteus 2:1-12).

Nadat 'n ster hulle tot by die kind in die krip in Betlehem gelei het, lees ons, was die sterrekykers oorstelp van vreugde (Matteus 2:10).

Maar 'n heeltemal ander reaksie op die kind kom van koning Herodus. By hom is daar nie sprake van vreugde en verwondering nie. Nee, daar is eerder ontsteltenis en slinksheid (Matteus 2:3,8).

En omdat hy die kind as 'n bedreiging sien, gee hy in sy woede opdrag dat alle kinders van twee jaar en jonger in Betlehem en omgewing doodgemaak moet word (vers 16).

Hierdie teksgedeelte dui dus te op twee uiteenlopende reaksies op die manier waarop God – midde-in uitdagende sosiale en politieke werklikhede – in die gestalte van 'n weerlose kind verskyn.

Wanneer ons hier aan die begin van 2019 vir mekaar voorspoed en vreugde toewens, sou ons daarmee aan mekaar te kenne kon gee: "Ek is bly jy is hier. Jou teenwoordigheid en nabyheid is nie vir my 'n probleem nie, maar 'n gawe; nie 'n rede vir vrees nie, maar 'n bron van blydskap. Dat jy hier is, maak die lewe goed."

Maar ons is ook deeglik bewus daarvan dat hierdie manier van dink, praat en doen meestal nie vir ons maklik is nie.

Die nuwe jaar mag egter ook vir ons inhou dat ons opnuut – en dalk onverwags – op kragtige wyses ontdek dat die teenwoordigheid van die ander – ook die goddelike Ander wat in vreemde gestaltes en op vreemde plekke aan ons verskyn – ons met die soort vreugde verras wat ons van 'n ongesonde selfbeheptheid bevry.

Want, soos Hauerwas dit stel: "Joy is the great enemy of narcissism." – RRV

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/dalk-vind-mense-vreugde-in-ander-se-hier-wees-20190105

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877